Lewensdoelwitte

Die lewe is nie 'n gebeurtenis nie, maar 'n proses. As man het jy nie beheer oor alle aspekte van jou lewe nie, maar jy kan areas in jou lewe identifiseer waaroor jy wel beheer kan uitoefen en jy kan ook riglyne opstel oor hoe om die beheer te implementeer.

Die lewe is vol veranderlikes. Sonder 'n vaste raamwerk of lewensdoelwitte loop ons gevaar om meegesleur te word deur elemente waaroor ons nie beheer het nie. Iemand wat 'n ingesteldheid het om te werk totdat die werk van die dag klaar is, sal vind dat daar nooit te min werk sal wees nie en dat hy dan na alle waarskynlikheid amper voltyds by die werk sal wees.

Sonder duidelik gedefinieerde lewensdoelwitte is die moontlikheid groot dat geld